

Nomades Roete-Terugvoer Kingdom Stap

18-20 November 2016

Sowat 18km vanaf Verena, of ~36km vanaf Witbank.

Hek/Afdraai vanaf die R544 : S25° 37' 06.3" E29° 06' 58.5"

Kingdomkamp: S25° 35' 00.9" E29° 10' 07.2"



Magda Grobler, Phrina Oosthuizen, Fritz van Deventer, Corrie du Preez, Renee Crous, Erna Lubbinge, Jan du Preez, Elsabe During, *Vicente Ibanez, Tiffany Crous, Wilna Moolman;*

Marius Stander, Anna-Marie Lotter, Wouter Crous en Jannes van Ryssen stap staan. 15 siele.



Vrydagmiddag na net sowat 116km vanaf Pretoria (via Bronkhorstspruit en Verena) kom die stappers so stuk-stuk aan. Daar word nie verniet gewaarsku dat die 10km grondpad op die plaas wel net vir 4x4 geskik is nie en 'n tydjie neem om te ry nie. Kom vroeg!. Daar is redelike

slegte stukke en baie hoë bultjies oor die pad. Almal kom darm veilig by die kamp aand. Die Kingdom Kamp bestaan uit verskeie klip-en-sement huisies met grasdakkie. Heerlik koel daarbinne. Papierbas het 2 kamers wat 3 en 4 slaap. Boekenhout het 2 kamers wat 4 en 4 slaap. Bosvark is meer oopplan en oënskynlik tans nie in gebuik nie, maar daar is 6 beddens. Nader aan die Wilge rivier is die Visarend en Slangarend huisies wat 4 en 5 slaap. Heelwat luukser met meer meubels en aan(nie 'en')suite buitelig badkamers met stort, wasbak en 'n sitplekkie. Pas net op vir die skerpioene in die wasbakke.

Dan is daar nog ablusie geriewe tussen die ander huisies ook, waaronder ook 'n dubbel-stort. Warm water per donkie. Hout word voorsien, maar jy moet self stook. Geen krag nie.

'n Netjiese kombuis wat duidelik bobeejaan-bestand gebou is. Heelwat potte en ander gerei. 'n 4-plaat gasstoof(bring jou eie gassilinder) en 'n gas-yskas, wat eers nie die regte passtuk gehad het nie, en toe die plaasbaas die koppelstuk bring nie behoorlik werk nie.

Ter intresantheid, Rooikrans roete is net sowat 5km van die Kingdomkamp af.

'n BAIE MOOI GROOT onderdak kuierarea met sitplekke, tafels en 'n nektjiese werkende



onderdak braai-area/kaggel. Lekker sagte sitbanke rondom dit (Sien foto bo-regs).

Daar is ook 'n swembad maar die' was leeg, blykbaar agv die droogte daar die laaste ruk.

Daar was ook twee ander hutjies, maar die' het afgebrand. 'n Heerlike kamp met ook 'n lekker afdakkie/braaiplekkie langs die rivier, waar jy baie duidelik teen die seekoeie en krokodille gewaarsku word. Moet nie hier swem nie.

Na braai het almal heerlik in hul kamers met alles 'enkelvlak' beddens en lekker matrasse die nagstille geniet.



Saterdag oggend begin ons met die langer 'Snaaksekrans' roete, wat toe blyk sowat 11.8km was soos ons dit geloop het. Die paadjies is baie mooi oop en duidelik gemerk, geen probleme hiermee nie, veral as jy dit saam met die kaart lees met die gemerkte/genommerde kruispunte. 'n Rukkie langs die Wilgerivier, en dan net toe ons amper dink ons moet skoene uittrek om deur 'n stroompie te gaan, vind ons darm 'n nouer stukkie waar ons droogsvoets kon oorgaan. Bietjie op en oor 'n



saaljie. Dan die groot mooi uitsigte op die groot 'Snaaksekrans' en die punt waar die Wilge in die Olifants rivier invloei. Die paadjie raak nou klipperig. Mooitrap en fyn kyk. Baie los klippe. Af tot by die Olifants rivier en bietjie langs die' geloop. Asem geskep op die rivier-vlakte. Daar het jy dan nou die keuse om die 'volle' Snaaksekrans' roete te loop, of soos hul sê, die 'Rooipad roete', maar daar word duidelik gewaarsku jy moet die rivier twee keer kruis (op eie risiko) en ons sien hy is WYD en lyk asof die roete dan verby die Klipkant



sou loop. Nee, ons neem die meer standaard 'Maklike' opsie. Nou weer bietjie op. Ons sien intreante voetspore in die sand. Luipeerd?, bietjie klein vir seekoei. Dan die plato, wyer paadjie, bietjie makliker terein. Sandpad. Verby mooi klipformasies. By punt '4' sê die bordjie 'Grootdraaihut' is net 2 km ver. MAAR, dit is nie waar ons oornag nie. ;-). Nou weer op. Oral in die veld is die mooi 'Baberton Daiseys' en allerande ander oulike klein blommetjies. Nou kruis ons 'n groot grondpad by punt '7' en volg die 'Escape route – Kingdomkamp' bordjie.

'n Opwindende stukkie bos nou, op en oor nog saaltjie en af. Mooi natuur. Mooi woude en bosse. Die Paadjie bly baie mooi gedefinieer en duidelik gemerk. Wat ook tog opmerklik is dat die bos, bos gelos is. Nerens toue of lere of bruggies nie. Dit dra definitief by tot die natuurervaring. Dan kom ons by die grondpad waarmee ons die vorige dag ingery het en volg dit terug kamp toe. Ons het heelwat gestop en gekuier



langs die pad en 'n teetjie gestook ook op meer as een geleentheid en is steeds rondom 14:00 terug by die kamp.

Party vang 'n slapie, ander stook donkie en ander stort. Die middag somer net rustig en kuier en eet



en 'wees'. Die aand word daar braaibroodjies opgetower, sampioene, patats, mielies en natuurlik vleis in verskeie vorms gebraai, Ystervakies uitgedeel deur ons verjaarsdag maatjie en ge-EET.

Sondag oggend begin in 7:30 te stap. En wat min gebeur is dat die HELE groep van 15 mense ALMAL die Sondag stap gedoen het! Mooi Julle!



Gelukkig het ek die moeliker roete vir vandag gehou!!! Alhoewel ietwat korter op so 8km. Die 'PARRADORS' roete. 'n Kort stukkie op 'n ongebruikte stukkie 4x4 pad. Dan skerp links die veld in. OP in die kloof. (Sien die hoogte profiel onder). As daar water is sal die klofie NOG mooier wees met 'n stroompie wat loop en wat dan waarskynlik 'n redelike watervallejie behoort te wees. Stop en terugkyk op ons kamp en die Wilge rivier Daar onder ons. Nog steil op, Klipperig en los en OP tot bo-op die vlakte. Wat uitstaan hier die die 'vlakke met sy

'Sambreel' boompies en mooi boom-siloette.

Op die vlakte gestop om 'n vroeë middagete te pleeg. Twee stofies kom te voorskyn en warm drankies word gemaak.



Ander geniet net hul gesnapperinge of koue oorskiet worsie van gisteraand. Heerlik! Party maak hul worsies warm!.

Ons geniet die uitsigte en weereens al die intreante kleiner blommetjies hier in die veld rondom ons.

Dan begin ons skielik en skerp te daal. Af in 'n volgende klofie. Volgens die kaart is dit die 'Donker kloof'. Mooi!. Digter bome en meer 'woud-agtig'. Dan is ons onder. Hier naby groet 'n Gemsbok ons. Wilna het die mooi foto geneem naby 'A3'. Hier kan jy kies of jy die ompad/langpad geen neem en nog 8km loop na die Kingdomkamp of die korter 3km opsie. Vir die Sondag-oggend stappie kies die groep die 3km opsie.

'n Troppie vriendelike beeste begroet ons ook.



Amper by die kamp loop 'n mak Eland agter van die werkers aan en laat redelik gemaklik toe dat ons naby hom kom.



Heeltemal te gou is ons by die kamp rondom 11:00. Gestort en verklee. Opgepak en ingepak. Die mooi kamp en mekaar gegroet tot 'n volgende keer.

Nou weer die grondpad stadig terug tot by die teerpad. Op pad uit groet 'n troppie Kudoes ons. Vroeg-middag tuis gewees.

'n BAIE mooi roete. Ek kom weer om die ander roete opsies te kom doen. Op die anderkant van die plaas is dan ook die 'slaghoek' stapperskamp, wat meer toeganklik is per gewone voertuig vanaf die Middelburg-Rigting. Daar is ook opsies om die kampe (Slaghoek, Grootdraai, Klipkamp en Kingdomkamp aanmekaar te hak met 'n rugsak (en dan rivier-kruisings) stap. Of jy sou ook net basiskamp / dagsirkels vanaf die Slaghoek kamp kon doen.

Ons het bespreek via die vriendelike dames van Anvie Ventures.



Finasies

Kostes: Ons vra R290 per persoon vir die naweek se stap en verblyf.

Inkomstes: : **R3790.00**

Stap & Plus fooie : (R290x13)+R20 : R3790

Uitgawes: **R3806.50**

Stapfooie Via Anvie (R280x13 mense) : **R3640.00**

Besprekingsfooie : Anvie : R50.00

Brikette(3sakke@R25/sak)+Aanstekers(R10) : R85.00

Gas 1.5kg vir ketelkook/gasstoof(Shell) : R31.50

Projek Verlies : **R16.50**

Anna-Marie, dankie ook vir jou gassilinder en kookkop se saambring en gebruik.



Vriendelike stapgroete

Marius Stander

MariusStanderPTA@gmail.com

Sien gerus ook

WWW.NOMADES.CO.ZA

vir vorige stapverslae en roeteterugvoer en ook Nomades se jaarprogramme, kontak inligting, bankinfo en meer.



Dag 2 se hoogteprofiel. So 275 meter Op en weer Af. GPS afstand so 8.4km vir die dag.

